



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomst.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae

AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig deur en neem deeglik kennis van wat verlang word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30 min.
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae VERPLIGTEND	2	60	30 min.
	3	60	30 min.
	4	60	30 min.
C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)	5	40	30 min.
	6	40	30 min.
	7	40	30 min.
	8	40	30 min.
TOTAAL		300	180 min.

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

- 1.1.1 Markpenetrasie ontstaan wanneer vervaardigers ...
- A produkte teen dieselfde prys as mededingers koop.
 - B die nuwe produk in dieselfde gebiede bemark.
 - C produkte teen 'n lae prys verkoop om kopers te lok.
 - D die bestaande produk in nuwe gebiede bemark.
- 1.1.2 'n Besigheid met 'n omset van R10 miljoen en 'n personeel van meer as 50 werknemers moet die volgende dokument een keer elke twee jaar by die departement van arbeid indien:
- A Gedragskode
 - B Bemarkingstrategie
 - C Diversiteitsplan
 - D Gelykheidsplan
- 1.1.3 Hierdie wetgewing verseker dat gekwalifiseerde mense uit aangewese groepe gelyke geleenthede in die werkplek het:
- A WVBBS ('COIDA')
 - B Wet op Werkloosheidversekering
 - C Regstellende aksie
 - D SOOO ('SETA')
- 1.1.4 Die storting van giftige afval in riviere, mere, damme en die see is 'n goeie voorbeeld van 'n ... kwessie.
- A stortings-
 - B inklusiwiteits-
 - C politieke
 - D omgewings-
- 1.1.5 Hierdie Wet beskerm verbruikers teen die verkryging van krediet wat hulle nie sal kan terugbetaal nie:
- A Nasionale Kredietwet
 - B Wet op Verbruikersbeskerming
 - C Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging
 - D Wet op Voorkeuraankope

1.1.6 Watter EEN van die volgende is 'n voordeel vir 'n besigheid om werkspanne te gebruik?

- A Alle spanlede moet oor verskillende kwessies saamstem.
- B Dit moedig individualisme aan.
- C Groter uitsette word deur samewerking bereik.
- D Tegnologie is 'n vereiste vir sukses.

1.1.7 'n Kreatiewe tegniek wat gebruik word om verskillende idees van 'n aantal mense oor 'n spesifieke onderwerp in te samel en te analiseer:

- A Assessering
- B Dinkskrum
- C Bestuur
- D Diversifikasie

1.1.8 Hierdie funksie skep 'n gunstige beeld van die besigheid:

- A Openbare betrekkinge
- B Menslike hulpbronne
- C Risikobestuur
- D Algemene bestuur

1.1.9 Die vind- en aanstelproses van nuwe werknemers:

- A Indiensneming
- B Werwing en keuring
- C Uitdiensstelling
- D Probleemoplossing

1.1.10 Beauty Look Klerefabriek, met 'n markwaarde van R500 000, is onlangs deur 'n brand beskadig. Die herstelkoste van die skade aan die gebou beloop R100 000. Beauty Look Klerefabriek is vir R300 000 verseker – HED (huiseienaarsdekking).

Die bedrag vir herstelwerk wat deur die versekeraar uitbetaal sal word, sal ... wees.

- A R300 000
- B R60 000
- C R100 000
- D R500 000

(10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 'n (Balanstelkaart (BTK)/SSGB ('SWOT') -analise) is 'n instrument wat gebruik word om te evalueer of besighede aan BBSEB voldoen.

1.2.2 In 'n (nie-verbale/verbale) aanbieding word slegs geskrewe materiaal gebruik.

1.2.3 Die versekerde betaal 'n maandelikse of jaarlikse (premie/bybetaling) aan die versekeraar vir die deurlopende bestaan van sy/haar polis.

1.2.4 (Arbitrasie/Versoening) is die laaste stap in die oplossing van 'n meningsverskil, nadat bemiddeling 'n dooie punt bereik het.

1.2.5 (Personeelontwikkeling/Induksie)-programme poog om bestaande werknemers met basiese kennis en vaardighede toe te rus. (5 x 2)

(10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n begrip in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Gehaltebeheer	A	tipe besluite deur middelvlakbestuur geneem
1.3.2	Taktiese besluit	B	plan van aksie om 'n doelwit te bereik
1.3.3	Suid-Afrikaanse Inkomstediens	C	'n instansie verantwoordelik vir die daarstel van gehaltestandaarde
1.3.4	Bonusaandele	D	uitgereik aan stigters van die maatskappy om vir verlies van dividende te vergoed
1.3.5	Strategie	E	maatreëls wat gebruik word om afwykings van vasgestelde standaard met betrekking tot die produksie van 'n produk of diens te identifiseer, uit te skakel en te voorkom
		F	verseker dat aandeelhouers vergoed word vir enige toekomstige dividende
		G	'n instansie verantwoordelik vir die invordering van belasting
		H	tipe besluite deur topbestuur geneem

(5 x 2)

(10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B (VERPLIGTEND)**VRAAG 2**

- 2.1 Noem die sakeomgewing waarop die akroniem PESTWO van toepassing is. (2)
- 2.2 Noem DRIE doelwitte van SOOO'e ('SETAs'). (6)
- 2.3 Simmer & Jack is 'n mynmaatskappy wat in Stilfontein geleë is. Beskryf hoe Simmer & Jack by korporatiewe maatskaplike investeringsprogramme betrokke kan raak om te verbeter op die langtermynuitdagings hieronder, wat beide die plaaslike gemeenskap en die maatskappy in die gesig staar. Gebruik voorbeelde om jou antwoord te motiveer.
- 2.3.1 Onderwys (4)
- 2.3.2 Misdaad (4)
- 2.3.3 Behuising (4)
- 2.4 Bestudeer die inligting oor aandelehandel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CHEMIKALIEË								
Naam	Sluiting	Hoog	Laag	DB	JB%	DO	PV	DV
AECI	8 627	8 699	8 365	142	1,7	2,38	14,95	14 000
AFROX	1 920	1 920	1 810	97	5,3	1,41	34,59	150 000
DELTA	760	760	760	-10	-1,3	0,00	5,41	1 000
FREE WORLD	1 180	1 200	1 160	-11	-0,9	0,59	15,95	13 000
OMNIA	7 400	7 400	7 358	50	0,7	0,00	11,93	33 000

[Bron: *Business Day*, Donderdag 28 April 2011]

SLEUTELS			
Sluiting:	Marksluitingsprys	Hoog:	Dag se hoogtepunt
Laag:	Dag se laagtepunt	DB:	Dag se beweging
JB%:	Laaste 12 maande se persentasie beweging	DO:	Dividend-opbrengs
PV:	Prys-verdiens-te-verhouding	DV:	Dag se volume

- 2.4.1 Noem die instansie wat hierdie tipe inligting publiseer. (2)
- 2.4.2 Noem VIER funksies van die instansie wat in VRAAG 2.4.1 genoem is. (8)
- 2.4.3 Bespreek kortliks die aandelebeweging van Free World gedurende die dag se verhandeling. (6)
- 2.4.4 Beskryf hoe die inligting wat in die tabel hierbo gegee is, jou kan help om te besluit oor watter aandele om te koop. (2)

2.4.5 Noem DRIE maniere wat gebruik kan word om in aandele as 'n vorm van belegging te belê. (6)

2.4.6 In watter maatskappy sal jy aandele koop? Motiveer jou antwoord. (4)

2.5 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'N ENTREPRENEUR MET 'N VISIE

Om in staat te wees om jou werkslading en tyd te bestuur is 'n belangrike vaardigheid. Lei jou personeel op om hulle tyd te bestuur, dan sal hulle beter presteer en minder gestres voel.

Alhoewel Jojo Tsheola skaars in sy dertigs is, het hy sukses as entrepreneur behaal. Sy passie vir toerisme, sy jeugdige entoesiasme vir die lewe en sy onfeilbare selfvertroue het daartoe gelei dat hy in 2007 sy eie maatskappy, Tsheola Dinare Toere en Vervoer, begin het. Hy het nog nie weer teruggekyk nie.

Die maatskappy bied kliënt-aangepaste reispakkette vir korporatiewe reise, luukse busse, pendeldienste en 'n privaat BBP-reisdienst aan. 'n Indrukwekkende kliëntelys sluit toonaangewende maatskappye en vooraanstaande buitelandse maatskappye in. Tsheola beskryf homself as 'n 'selfgedrewe, resultaat-georiënteerde persoon met 'n positiewe uitkyk en 'n duidelike sakefokus op winsgewendheid'. Hy is 'n natuurlike beplanner, wat sy eie prestasie krities evalueer om uitnemendheid te bereik.

[Bron: *Succeed*, Mei 2011]

2.5.1 Identifiseer die sakesektor waartoe Tsheola Dinare Toere en Vervoer behoort. (2)

2.5.2 Jojo Tsheola bedryf 'n suksesvolle besigheid. Gee enige VYF voorbeelde uit die gevallestudie hierbo om hierdie stelling te ondersteun. (10)

[60]

VRAAG 3

- 3.1 Noem VIER doelwitte van oriënteringsprogramme in die werkplek. (8)
- 3.2 Definieer *onetiese advertering/reklame* en gee TWEE voorbeelde om die betekenis daarvan te illustreer. (6)
- 3.3 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CHAUKE BAKSTEEN-EN-SANDVERSKAFFERS

Peter Khumalo werk vir Chauke Baksteen-en-Sandverskaffers; 'n besigheid wat bakstene vervaardig en sand aan kliënte in en om Hazyview verskaf.

Werknemers werk 11 uur 'n dag, van Maandag tot Saterdag, insluitend openbare vakansiedae. Die algemene bestuurder sien of praat selde met die werknemers of luister na hul griewe. Werknemers van die maatskappy word nie toegelaat om by vakbonde aan te sluit nie. Wanneer werknemers klagtes indien by toesighouers, word hulle met afdanking gedreig. Die moraal van die werknemers is laag en hulle toon tekens van stres. Die werkplek is baie stowwerig en werknemers gebruik nie gesigmaskers nie.

- 3.3.1 Identifiseer die oorsake vir die stres van die werknemers by Chauke Baksteen-en-Sandverskaffers. (10)
- 3.3.2 Verduidelik VYF maniere waarop die bestuur van Chauke Baksteen-en-Sandverskaffers die stresvlakke van hul werknemers kan verlaag. (15)
- 3.4 Lees die uittreksel hieronder, geneem uit die betaalstrokie van een van DOWNING RAYNARDS Bpk. se werknemers.

INKOMSTE		AFTREKKINGS	
Bruto salaris	R48 000	Inkomstebelasting	R3 800
		WVF	R35
		Pensioenfonds	R1 354
		Mediese hulpfonds	R1 800
		Ledegeld: Vakbond	R65

- 3.4.1 Bereken die NETTO SALARIS wat hierdie werker verdien. (3)
- 3.4.2 Onderskei tussen die konsepte *bruto salaris* en *netto salaris*. (4)
- 3.4.3 Noem TWEE aftrekkings op die betaalstrokie hierbo wat NIE volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes verpligtend is NIE. (4)
- 3.5 Verduidelik hoe die kwaliteit van werkverrigting van die produksiefunksie 'n impak op 'n groot sakeonderneming kan hê. (10)

[60]

VRAAG 4


- 4.1 Noem VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n loopbaanrigting gekies word. (8)
- 4.2 In 1994 het Regter Mervyn King 'n verslag voorgelê waarin sleutelbeginsels, waarop besighede in Suid-Afrika bedryf moet word, aanbeveel is.
Noem enige VIER sleutelbeginsels wat in King se Kode geïdentifiseer is. (8)
- 4.3 Een van jou medewerkers moet 'n nie-verbale aanbieding saamstel en is baie bekommerd oor die proses. Help hom, deur DRIE maniere te noem om inligting aan te bied, en noem ook DRIE maniere waarop die terugvoeringsproses hanteer kan word. (12)
- 4.4 Moet 'n besigheid spanwerk in die werkplek oorweeg? Motiveer jou antwoord. (8)
- 4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BESTUURDERS MAAK 'N VERSKIL

Robbie het as 'n onervare werker in 'n goed georganiseerde rekeningkundige firma in Nelspruit begin werk. Die manier waarop sy bestuurder hom benader het, het sy lewe ten goede verbeter. Die bestuurder het Robbie se visie bespreek en sy doelwitte op so wyse aangepas dat Robbie deel van die span gevoel het. Hy is gemotiveer om vir 'n kursus in Rekeningkunde te registreer. Hy het Robbie nie net 'n paar verantwoordelikhede gegee en hom op uitdagings in sy beroepsrigting gewys nie; hy het hom ook gelei om nuwe vaardighede te ontwikkel.

- 4.5.1 Identifiseer en bespreek enige EEN leierskapstyl van Robbie se bestuurder. (4)
- 4.5.2 Moet bestuurders slegs een leierskapstyl gebruik? Motiveer jou antwoord. (4)
- 4.5.3 Dink jy Robbie se bestuurder is 'n leier of 'n bestuurder? Motiveer jou antwoord deur na voorbeelde in die scenario te verwys. (4)

4.6 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.



Identifiseer die sakesektore vir **A** en **B** en die ondernemingsvorm vir **C** in die diagram hierbo. Motiveer jou antwoord.

(12)
[60]

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

LET WEL: Skryf slegs die VRAAGNOMMER neer. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 5**WORK EASY MEUBELFABRIEK**

Work Easy Meubelfabriek is in Oos-Londen in die Oos-Kaap geleë en Phakamani is die eienaar.

Hierdie fabriek spesialiseer in die vervaardiging en verkoop van gehaltekantoor-toerusting soos stoele en lessenaars. Phakamani het 'n graad in Bemaking en het baie ervaring in die vervaardiging van alle soorte meubels.

Sy wil diversifiseer deur drukkers te vervaardig en aan plaaslike en buitelandse markte te verkoop.

Work Easy Meubelfabriek ondervind die volgende:

- Hoë afwesigheidsyfer van werknemers
- Swak spangees
- Hoë indiensnemingomset
- Gebrek aan motivering by werkers
- Verlies van hoogs vaardige werkers aan mededingers
- Hoë vervoerkoste om vervaardigde goedere na klante in Gauteng te stuur
- Mededingers verkoop soortgelyke meubels teen laer pryse
- Mededingers bly op hoogte van tegnologie deur moderne masjiene aan te koop

Phakamani wil haar fabriek as 'n franchise-onderneming registreer.

Identifiseer die sterk punte en uitdagings wat Phakamani in die gesig staar en formuleer strategieë om elke uitdaging te oorkom. Bepaal hoe hierdie strategieë gëevalueer sal word en beveel ook aan of sy in die vervaardiging en verkoop van drukkers moet diversifiseer.

Jou antwoord moet volgens die volgende opskrifte wees:

1. Inleiding
2. Sterk punte
- 3.

UITDAGING	STRATEGIE

4. Evaluering
5. Aanbeveling
6. Gevolgtrekking

LET WEL: Die strategieë moet aan die uitdagings verbind wees.

[40]

VRAAG 6

Zanele en haar drie vriende bedryf 'n suksesvolle informele haarkappersalon in KwaMashu. Hulle groeiende bedryfsvorm het formeel geword met die stigting van 'n vennootskap.

Bespreek volledig hoe die volgende faktore die sukses of mislukking van hulle vennootskap as 'n ondernemingsvorm sal beïnvloed, naamlik bestuur, kapitaal, wetgewing en belasting. Dink jy 'n beslote korporasie is 'n meer geskikte ondernemingsvorm vir Zanele en haar vriende? Motiveer jou antwoord.

[40]**VRAAG 7**

Konflik kan positief of negatief wees. Maak nie saak watter kant toe nie; as dit nie reg hanteer word nie, kan dit tot 'n krisis lei.

Bespreek die oorsake, asook die tipes konflik, en evalueer dan die rolle wat bestuur, werkplekforums en vakbonde in die minimalisering van konflik in die werkplek speel. Bespreek kortliks of jy met die bostaande stelling saamstem.

[40]**VRAAG 8**

Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) is ingestel om te verseker dat Suid-Afrika 'n beter land vir al sy mense is.

Bespreek die aard en doel van elke Wet en verduidelik hoe dit geïmplementeer word. Evalueer ook die impak van hierdie Wette op beide werknemers en werkgewers.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300